
# Spreekkoor kwartaal 3

Leerders kan in groepe ingedeel word.

## Skoollewe



**My swaar skooltas**

Ek sukkel só om hom te dra,
Ek kan net nie ophou kla!

Die juffrouens wil my tas nie ligter maak,
want vir hulle maak dit glad nie saak!

Joe, ons werk so hard elke dag,
die juffrouens en menere maak ons seuns net sag!

My tas word al hoe swaarder en swaarder.
Ai, ek het só gewens my tas word maerder en maerder!

Retus Campher (11) 2016

---

**Skooldae**

Op Maandag staan ek ek sukkel op
en Dinsdag staan als op sy kop.
Woensdag moes die taak al in.
Donderdag moet Ma die sportgoed bring,
dan kom Vrydag... en my hart wil sing!

Die naweek kan ek speel en rol
slaap en lê en lekker jol.
Kom Sondagaand hang my lip weer laag
want more moet ek weer by die skool opdaag!

Clerise Begg (9) 2015

---

**Take doen**

Ek hou niks van take doen,
dis sommer slegter as pampoen,
op die spelling en afkortings moet ek hard konsentreer,
dit maak my kop en maag so seer.

Chane van der Merwe (13) 2013